# LOUIS TREGARDT: VAN DIE BAVIAANS- NA OOS-RIETRIVIER*

**J.C. Visagie**
*Universiteit van Stellenbosch*

Die lotgevalle van Louis Tregardt in die twintig jaar voor hy finaal na die noorde koers geneem het, staan in 'n tydperk wat van besondere belang in die geskiedenis van die Groot Trek is. Ten spyte van dié oënskynlik snuifgetrapte navorsingsveld, is dit hier die doel om Tregardt se doen en late wéér in oënskou te neem. Voorlopig gaan dit net oor sy plase en bewegings in die Baviaansrivier- en Oos-Rietrivierwyk. By 'n latere geleentheid word beoog om dié studie voort te sit. [1]

Dis opmerklik dat Louis Tregardt se groter wordende veestapel in die jare twintig en dertig van die negentiende eeu saamgeval het met doelgerigte pogings deur hom om sy grondbesit uit te brei, sy arbeidskragte te vermeerder en veral die betroubaarste arbeiders te behou. Die onsekere grenslyne van leningsplase, ontbrekende en selfs weersprekende bronne, maak dit besonder moeilik om Tregardt se grondtransaksies en bewegings in verband met die plase *De Mond van Baviaansrivier* en *De Plat* na te spoor. In 1815, of reeds in 1814, gaan boer hy op die leningsplaas *De Mond van Baviaansrivier*, feitlik teenaan die kolonie se oosgrens. [2] Hoewel landmeters in hierdie jare altyd die plaashuise of -opstal in hul diagramme aangedui het, word op die kaart van dié plaas in 1826 geen huis getoon nie. Verder word egter met nougesette aandag aan besonderhede die lope van die Vis- en Baviaansrivier ingeteken. Landerye by die samevloeiing van dié twee riviere word afgebeeld en selfs die "ordonnantie"-baken wat die middelpunt van diè voormalige leningsplaas verteenwoordig het, word aangedui. Die posisie van die "Ordonnantie" en die kaart in die algemeen bewys dat die ou leningsplaas tydens sy omskepping na 'n erfpagplaas, soos in 1826 opgemeet, wesentlik nie 'n grensverskuiwing ondergaan het nie. Wel het dit aan die westekant 'n stukkie weigrond van 361 morge bygekry, maar ook hier was daar teen 1826 nog nie 'n woonhuis opgerig nie. [3] Vermoedelik het Tregardt dus nie op sy leningsplaas *De Mond van Baviaansrivier* gewoon nie, maar in die opstal van *De Plat* of *De Plaat*, soos dit ook gespel is. [4]

'n Besonder noukeurige kaart van die noordoostelike grensdistrikte wat gedurende die jare 1822—1824 geteken is, toon geen opstal aan die mond van die Baviaansrivier nie, maar baie duidelik word huise by die naburige *Kokskraal* en *De Plat* aangedui. Dié kaart bewys ook dat die ou plaas *De Plat* nie met die huidige *The*

---

*Hierdie kort studie word opgedra aan prof. P.J. van der Merwe wat aan die einde van 1977 die tuig as hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch neergelê het. Al die studente wat hulle sout werd is en deur die Van der Merwe-meul gegaan het, weet wat hy vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing beteken en nog sal beteken.

Sonder die boek van prof. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

2. J 75, Opgaafrol, Cradock 1815, nr. 17. Tensy anders vermeld, berus alle bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek.
3. Somerset Quitrents, vol. 1, 23/6/1826, no. 7 (Aktekantoor, Kaapstad).
4. *Map of the eastern frontier of the Cape Colony, compiled by Henry Hall, 1856* (Carnegie-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch).

*Plaat* verwar moet word nie. Die opstal van *De Plat* was op die westelike oewer van die Visrivier by die monding van die Stolzkloofrivier geleë.[5] *The Plaat* kon in die jare twintig deel van die plaas *De Plat* uitgemaak het, maar weens die afstand lyk dit nie moontlik nie. Veral nié, as in gedagte gehou word dat die opstal van *De Plat* gebou was op die grond wat vandag as *Elandsdrif* bekend staan.[6]

Die enigste redes wat aangevoer kan word dat Tregardt moontlik op *De Plat* gewoon het, berus op dokumente wat ook op 'n ander manier vertolk kan word,[7] en op 'n brief van die siviele kommissaris van Somerset(-oos), J.F. Ziervogel, wat eers jare later geskrywe is en blykbaar nie op eerstehandse kennis gegrond is nie.[8] Behalwe die brief van Ziervogel het daar tot dusver nie 'n amptelike stuk of registerinskrywing te voorskyn gekom wat sonder twyfel bewys dat *De Plat* 'n leningsplaas of rekwesplaas van Tregardt was nie. Hoogstens kan gesê word dat Louis Tregardt na bewering die rekwesplaas *De Plat* van J.J. Durand gekoop en weer aan J.M. de Beer verkoop het. Wanneer dié transaksies aangegaan is, weet ons nie.

Verder is dit bekend dat twee kinders van Tregardt gedurende die jare 1829 en 1830 op *De Plat* gebore is.[9] Hiervan kan egter nie afgelei word dat dit sy plaas was nie, want dié jare was Tregardt 'n provisionele veldkornet van 'n ander wyk in die distrik Somerset en kan dit net sowel wees dat sy vrou vir haar bevalling na familie of vriende op *De Plat* gegaan het.

'n Aanvaarbare verklaring vir bogenoemde probleem kan wees dat *De Mond van Baviaansrivier en De Plat* vóór 1826 één plaas was. Dat dit geografies moontlik was, kan gesien word as die kaarte in voorgaande voetnote bestudeer word. Indien dié standpunt korrek is, sou 'n mens ook kan sê dat die leningsplaas wat Tregardt van 1815 tot ongeveer Februarie 1820 bewoon het, in die amptelike registers as *De Mond van Baviaansrivier* aangeteken gestaan het,[10] maar dat die opstal van dié plaas by *De Plat* geleë was. Die getuienis van P.J. Delport op 4 Januarie 1816 tydens die Slagtersnekverhoor, naamlik dat hy "aan de Baviaansrivier, op de plaats van Louis Trigardt" woonagtig was,[11] hoef dan ook nie 'n probleem te wees nie. Weliswaar was die opstal nie aan die Baviaansrivier geleë nie, maar dié rivier het immers oor die plaas gevloei.

Waar Louis Tregardt presies in die jare 1815—1820 gewoon het, is nie 'n groot struikelblok nie, want dit staan minstens vas dat hy toe 'n inwoner van die Baviaansrivierwyk was. Historici kan blykbaar nie vasstel op watter plaas dié ou pionier hom gedurende die volgende vyf jaar van sy lewe bevind het nie. Tog sal dit hierna duidelik word dat Tregardt se doen en late in dié jare steeds daarop gemik was om lewensruimte vir sy immer uitbreidende veestapel te soek. Tweedens moes hy

5. M 3/88, *Plan of the north eastern frontier of the Cape of Good Hope, by Capt. Bonamy, 1822, 1823 and 1824.* Copied by J. Reid, Jan., 1846. Kyk ook kaart by hierdie studie.
6. Vgl. *Suid-Afrika 1:250 000 topo-kadastrale reeks, vel 3224 Graaff-Reinet.*
7. G.P. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trichardt,* p. 6, waar Tregardt vermeld dat twee van sy kinders op *De Plat* gebore is.
8. L G 266, Letters received from Civil Commissioner, Somerset: J.F. Ziervogel - H. Hudson, 10/10/1837, pp. 98-99; C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek,* pp. 191-192, 331, 335.
G. Preller (red.), *Dagboek van Louis Trichardt,* p. 6; C.C. de Villiers, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families, III* (hersien en aangevul deur C. Pama), p. 995.
J 75, J 78, J 80, J 82 en J 83, Opgaafrolle van Cradock, Baviaansrivierwyk, 1815, nr. 17; 1816, nr. 54; 1817, nr. 85; 1818, nr. 29 en 1819, nr. 80.
11. H.C.V. Leibbrandt (red.), *De rebellie van 1815, algemeen bekend as Slachters Nek* (getuienis van P.J. Delport, 4/1/1816), p. 650.

rekening hou met die feit dat sy oudste seun, Carolus Johannes (Karel), binne enkele jare ook 'n plaas sou benodig. Die Baviaansrivier was juis oorbevolk en teen die jaar 1819 het Tregardt, net soos in 1815, moontlik 'n bywoner of twee op sy plaas gehad.[12] Waarom hy sy mooi leningsplaas *De Mond van Baviaansrivier* omstreeks die begin van 1820[13] verlaat het, sou eweneens ander motiewe gehad het. 'n Betekenisvolle feit is dat die Kaapse regering in 1820 opdrag van die minister van kolonies ontvang het om nie plase in dié geweste aan boere toe te ken indien hulle van slawe-arbeid gebruik maak nie. Vir die navorser is dit dikwels moeilik om te bepaal wanneer die inhoud van 'n opdrag wat aan die Kaap ontvang is, die oosgrensboere se ore bereik het. Besondere omstandighede in dié geval maak dit onwaarskynlik dat Tregardt hiervan verneem het voor hy in 1820 die Baviaansrivierwyk verlaat het.[14] Nietemin het hy die regte besluit geneem ás die slawe-kwessie een van sy dryfvere was. J.A. Greyling wat *De Mond van Baviaansrivier* oorgeneem het, het sy grondbrief in 1826 ontvang en moes die volgende stipulasie daarop gelate aanvaar: "That the Land hereby granted shall be cultivated by Free Labourers only and that any employment of slaves upon it shall render the same subject to forfeiture."[15] Nog 'n gebeurtenis digby Tregardt se plaas in 1820 was die aankoms van Skotse setlaars aan wie einde Junie aan die Baviaansrivier plase uitgedeel is.[16] Of genoemde twee faktore 'n vinnige en finale besluit om te verhuis op hom afgedwing het, is nie bekend nie. Enige jare later sou die verbod op slawe-arbeid wel deeglik 'n bedreiging vir sy boerdery inhou.

Die waspore van hierdie rustelose grenspionier het in 1820 vir die eerste maal na oorkant die Kaapkolonie se grenslyn gelei. 'n Brief wat Tregardt vanaf die "Bosjesmans Rivier" in 1823 aan die landdros en Heemrade van Albanie gerig het, is egter 'n misleidende aanduiding waarheen hy koers geneem het.[17] Vanaf 1820 verskyn sy naam nie meer in Cradock se opgaafrolle nie,[18] maar word hy getoon as 'n inwoner van die Bo-Boesmansrivier in die Albaniedistrik.[19] In die jare 1822 en 1824 word hy as 'n inwoner van die Visrivierwyk aangeteken. 'n Studie van die plaasname bewys dat die Bo-Boesmansrivier en Visrivier nagenoeg dieselfde wyk was en vanaf 1822 as die Visrivierwyk van Albanie bekend gestaan het.[20] Oënskynlik wil dit voorkom of Tregardt nou onderkant die Grootvisrivier ten ooste van die mond van die Kleinvisrivier stelling ingeneem het. 'n Dokument wat tot dusver nie deur skrywers aangehaal is nie, dui ook daarop dat Tregardt in die nabyheid van veldkornet Cornelis Meyer se plaas gewoon het.[21] Meyer het in dié jare op sy rekwesplaas Buffelsdrif geboer, d.w.s. áán die Visrivier en net suid van die huidige Adelaide-

---

12. *Ibid.* In verband met oorbevolking van dié streek, kyk J.A. Heese, *Slagtersnek en sy mense*, pp. 68-70.
13. J 83, Opgaafrol, Cradock 1819, nr. 80. In dié rol, wat vroeg in 1820 opgestel is, kom sy naam nog voor.
14. L.C. Duly, *British land policy at the Cape 1795-1844*, p. 89.
15. Somerset Quitrents, vol. I, 23/6/1826, no. 7 (Aktekantoor, Kaapstad).
16. Thomas Pringle, *Narrative of a residence in South Africa*, p. xxx (Struikuitgawe, 1966).
17. 1/AY 8/74, Ontvange stukke van diverse private persone: Louis Tregardt - "Collegie van Landd. en Heemraden", 25/11/1823); C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, p. 396.
18. J 85, Opgaafrol, Cradock 1820 (Kyk Baviaansrivier, nr. 36, waar die bewoner van *De Mond van Baviaansrivier* nou as J.A. Greyling gegee word).
19. J 1, Opgaafrol, Albanie 1821, p. 1, nr. 6.
20. *Ibid.*; J2 - J3, Opgaafrolle, Albanie, Visrivierwyk 1822, 1824, p. 27, nr. 56 (1822) en p. 4 (1824).
21. CO 2705, Letters received from Civil Commissioner and Resident Magistrate, Albany and Somerset: D. Moodie - Bell, 3/10/1828, no. 230.

distrik.[22] Aangesien Buffelsdrif óp die destydse oosgrens van die kolonie geleë was, is die eerste gevolgtrekking dat Tregardt hom weer eens op die voorposte bevind het.

Met die hulp van 'n ander bron kan Tregardt se woonplek in die vroeë jare twintig nou tog geïdentifiseer word. Op 8 Februarie 1825 doen hy aansoek vir die plaas bekend as *Olivie Bosch* aan die oostekant van die Grootvisrivier. Dié aansoek is kennelik deur 'n persoon in Grahamstad namens Tregardt opgestel, maar dra geen handtekening nie. Van uiterste belang is egter die woord *Elizabeth* wat in dieselfde handskrif tussen aanhalingstekens onder aan die brief verskyn.[23] Ons afleiding is dat die briefskrywer dit daar aangebring het omdat dit Tregardt se plaasadres was. Klaarblyklik was dit ook die bedoeling dat Tregardt net bó of onder dié woord sy naam moes teken.

Die belangrike en verrassende feit is dat Tregardt reeds in Februarie 1825 op die plaas *Elizabeth* gewoon het. Dit beteken dat hy die koloniale grens oorgesteek en hom in die sogenaamde "Ceded",ofte wel,Neutrale Gebied, gevestig het. Sedert 1823 het dit in die kolonie rugbaar geword dat die regering plase tussen die Vis- en Koonap-rivier sou uitgee. Baie grensboere het dus reeds in 1823 aansoeke ingestuur.[24] Geen plase kon natuurlik hier toegeken word alvorens dié streek by die kolonie aangeheg was nie. Op 11 Maart 1825 is die uitbreiding van die oosgrens na die Koonaprivier formeel geproklameer.[25] Die tydsberekening van Tregardt se aansoek op 8 Februarie het dus niks te wense oorgelaat nie!

Terwyl dit nie onomstootlik bewys kan word wanneer Tregardt hom presies in die Neutrale Gebied gevestig het nie, is dit minstens seker dat hy vóór die aanhegting van die Vis-Koonapstreek daar gebly het. Ander "trekboere" was immer vóór 1825 reeds in dié gebied woonagtig, soos die plaasnaam *Olivie Bosch* in Tregardt se brief kan bewys. Waarskynlik het hy dan uit die Baviaansrivier direk na *Elizabeth* verhuis. Vanaf 1820 dien hy sy opgaaf in by veldkornet Meyer van die Visrivierwyk, eenvoudig omdat dit die naaste veldkornet aan *Elizabeth* was. Vanselfsprekend kon Tregardt in sy opgaaf van die jare 1820 tot 1824 nie verklaar dat hy 'n plaas besit nie. Nietemin verskyn in sy opgawe van 1824 dat hy in besit van 'n "Freehold" was.[26] Hiermee het Meyer hom misgis. Eiendomsplase is in dié tyd nie uitgereik nie, nog minder is grond toegeken wat buite die kolonie gelê het. Dit kon egter wel beteken dat Tregardt in 1824 'n rekwes vir die plaas *Elizabeth* ingedien het. Hiermee kom ons by Tregardt se plase in die gebied wat vanaf Maart 1825 as die Oos-Rietrivierwyk van Somerset-distrik bekend was.

Tot dusver het die misvatting by skrywers bestaan dat *Olivie Bosch* (of *Olyven Bosch*) en *Elizabeth* een en dieselfde plaas was. Verder is ten onregte aanvaar dat die teenswoordige *Elizabeth* wat digby die dorp Bedford geleë is, die plaas van Tregardt was. Die feite is dat *Olivie Bosch* en *Elizabeth* afsonderlike plase was wat sedert 1908 nie meer onder dié name bekend staan nie. Vanaf dié jaar was hulle ingesluit by die

---

22. *Suid-Afrika 1:250 000 topo-kadastrale reeks, vel 3326 Oos-Londen;* J4, Opgaafrol, Albanie 1825, p. 6. Kyk kaart by hierdie studie.
23. LB 49, Land reports, Somerset: Memorial of Louis Tregardt - C.H. Somerset, 8/2/1825, n.p. Volledig afgedruk in C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, p. 397.
24. ZD/P4, Microfilm, Pringle papers, correspondence with Government: T. Pringle - C.H. Somerset, 18/4/1823, pp. 113 - 115 en T. Pringle - R. Plasket, 25/6/1825, pp. 152 - 153.
25. CO 5826, Proclamations and Government advertisements: Government advertisement, 11/3/1825.
26. J3, Opgaafrol, Albanie 1824, Visrivierwyk, p. 4.

sogenaamde *Olivie Woods Estate*[27] wat in der waarheid 'n konsolidasie van die volgende vier plase behels:

(i) *Olive (Olyven, Olivie) Bosch*, toegeken aan Carolus Johannes van Aardt (Frans seun) op 31/12/1836.

(ii) *Klipplaat*, toegeken aan Carolus Johannes Tregardt (Louis seun) op 31/12/1836.[28]


(iii) *Elizabeth*, toegeken aan Louis Tregardt op 31/12/1836.[29]

(iv) *Bothas Leegte*, toegeken aan Johannes Albertus van Niekerk op 31/12/1836.

Saamgevat uit bogenoemde en ander bronne kan Tregardt en sy seun se grondtransaksies in die Oos-Rietrivierwyk as volg gerekonstrueer word. Ongeveer 1820 en nie later nie as 1824 het Tregardt met sy familie in die suide van die teenswoordige distrik Bedford 'n plaas op onbewoonde grond buite die kolonie aangelê. Saam met ander boere het die Tregardts vóór Maart 1825 wederregtelik daar gewoon. Die grond wat Louis Tregardt in besit geneem het, het hy seker self *Elizabeth* "gedoop" — kennelik vernoem na sy vrou wat nie altyd so konsekwent nie, maar meestal as Martha Elisabeth Susanna Bouwer, aangedui is.[30] 'n Hewige mededinging om plase in dié gebied het Tregardt verhinder om 'n groot plaas af te baken. Met die opmeting wat in Februarie 1826 gevolg het, moes hy met 'n skrale 1 125 morge tevrede wees.[31] Dit sou hom aanspoor om die genoemde aansoek vir die naby geleë *Olivie Bosch* in te dien. Op dieselfde datum, 8 Februarie 1825, het sy dertienjarige Carolus vir die plaas daarnaas, *Klipplaat*, aansoek gedoen.[32] Soos ons hierbo meegedeel het, is *Elizabeth* en *Klipplaat* eindelik op die vader en seun se name geregistreer. Die aansoek vir *Olivie Bosch* het misluk, maar Tregardt sou sy pogings om groter weiveld te bekom, nie laat vaar nie. Hoe en wanneer *De Plathuis* sy eiendom geword het, weet ons nie. Nietemin beskik die Kaapse Aktekantoor oor 'n volmagbrief waarin hy op 21 Februarie 1834 aan Christiaan van Aardt die reg verleen het om *De Plathuis* namens hom te verkoop.[33] Laasgenoemde plaas was enige kilometer noordoos van *Elizabeth* geleë. Dit was heelwat groter (2 769 morge) as *Elizabeth* en sou Tregardt se tekort aan weigrond aansienlik verlig het.[34] Sy laaste aankoop in Oos-Rietrivier geskied op 29 Mei 1833 toe sy seun Carolus *Klipplaat* aan hom vir £45 verkoop het.[35]

---

27. Bedford Quitrents, vol. 4, 12/2/1908, no. 9 (Aktekantoor, Kaapstad).
28. Vir afsonderlike titelakte en kaart, kyk Somerset Quitrents, vol. 5, 31/12/1836, no. 53 (Aktekantoor, Kaapstad).
29. Titelakte en kaart in Somerset Quitrents, vol. 5, 31/12/1836, no. 54 (Aktekantoor, Kaapstad).
30. Vgl. J76, J78, J80 en J82, Opgaafrolle, Cradock, en C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp. 322 (voetnoot 22), 330.
31. Somerset Quitrents, vol. 5, 31/12/1836, no. 54 (Aktekantoor).
32. LB 49, Land reports, Somerset: Memorial of C.J. Tregardt - C.H. Somerset, 8/2/1825, no. 230.
33. Transfers and Mortgages, vol. 25 (1-11 Oct., 1839), T 1234, 21/1/1834 (Aktekantoor).
34. *Suid-Afrika 1:250 000 topo-kadastrale reeks, vel 3226 Fort Beaufort;* Somerset Quitrents, vol. 5, 31/12/1836, no. 57 (Aktekantoor).
35. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, p. 321.


DIE BAVIAANS-EN OOS-RIETRIVIER
0 10 20 30 40 50 60 km
CRADOCK
TARKASTAD
QUEENSTOWN
BUTTERWORTH
CATHCART
KING WILLIAM'S TOWN
OOS-LONDEN
INDIESE OSEAAN
ALICE
SEYMOUR
FORT BEAUFORT
GRAHAMSTAD
ADELAIDE
BEDFORD
SOMERSET-OOS
Boschberg
Kokskraal
Klipplaat
Elizabeth
Platbuis

Wat sy grondbesit in die Kaapkolonie betref, het Tregardt in 1833 op 'n hoogtepunt te staan gekom. Die vele boere sonder grond op hierdie voorpos van die Kaapkolonie sou hom ten regte kon beny. Sy verhuising in Januarie 1834 na Gcalekaland en daarna meer doelgerig na Delagoabaai, moet met die beskikbare dokumente verklaar word aan die hand van gebeure oor die laaste tien jaar van sy lewe in die Kaapkolonie. Daarmee begin 'n nuwe fase in die lewensloop van ons eerste Voortrekker.